

Botswana. Wat 'n belewenis....

Mens skryf en verander en vergeet en las by maar oor hierdie trip kan ek eintlik nie uitgepraat raak nie. Defnitief een van daai ondervindings wat vir een mens hemels sal wees en vir 'n ander louter hel.

Ons het dit 'n selfdoen safari gemaak.

Selfonderhoudend in alle opsigte.

Jy kan dit net doen as jy tevrede kan wees met wat die dag bied. Jou grootste uitdaging bloot om in daardie afgesonderde deel van Afrika jou volgende kampplek te bereik.

Ook net as jy plesier kan vind in die eenvoud van dit wat ons "die lewe" noem.

O ja, en sonder histerie kan oplossings soek vir die groter en die kleiner "probleme" soos wat hulle opduik elke dag.

Jou grootste beloning vir so 'n reis is nuwe respek vir alledaagse sogenaamde noodsaaklike maar eintlik regtig onnodige luukses waarmee ons ons normaalweg daaglik omring.

As jy sterk huiwer by die gedagte om 'n longdrop vir 10 dae te moet gebruik, dink tweekeer of jy wil gaan.


En as jy flouval by die gedagte om 'n longdrop te moet gebruik waarvan die deksel bytmerke en die sitplek krapmerke het wat duidelik slegs deur 'n leeu gedoen kon word, moenie eers oorweeg om te gaan nie.....

Alle campsites het net 'n longdropskerm en 'n stortskerm as ablusiegeriewe. Get used to the idea. Ek het dit baie netjies en gerieflik gevind en was dankbaar vir die sementblok onder die stort dat mens nie met jou kaal bas en jou skoon klere in die sand moet sukkel nie.



Die Kalahari is woestynwêreld en elke druppel water wat jy wil gebruik, moet jy saamneem.

Mens kan heeltemal goed skoon kom saans met 2 liter stortwater. Jy gebruik nie seep nie, net sjampoe (en 'n **klein** bietjie daarvan), begin bo en eindig onder; als in 'n paar vinnige hale oor jou lyf, en eindig lekker vars na 'n dag se stof en sand. Jy leef daar in die sand. Dit is wat daar is. Sand.



Daar is nie water supply by die kampterreine nie en ook geen vullisdromme nie. Daar het ek geleer mens brand elke aand absoluut alle leë houers en sakke en bottels wat jy die dag oopgemaak het; selfs 'n leë vlaboks, doppie en al. By die hekke is wel 'n sleepwa waar jy jou gemors kan ingooi, maar ons het net blikkies vir daardie doel gebêre; bene, vrugte- en groenteskille bedags ver van kampplekke af in die veld neergesit en die res als gebrand.

Op pad na Botswana se Kalahari vra jy nie hoe ver is die afstand wat jy moet ry nie. Jy vra eers hoeveel dorpie(s) (gehuggies) is op pad na die park se ingang – want daar word die spoedbeperking van 60km/uur deur elke bestuurder ge-interpreteer volgens die padwaardigheid van sy voertuig en die hoeveelheid persone wat saam met hom ry.

In die Kalahari self, vra jy nog minder hoe ver moet jy ry. Jy wonder net hoe lyk die pad en maak gou vrede met 20km/uur as standaard.

Dag 1.

Ons vertrek so 5:00 uit Centurion Saterdagoggend 3 Junie.

Ons mikpunt: SkilpadsHek(ja nie SkilpadsNek soos ons soms praat nie) aan die RSA kant/Pioneer grenspos aan die Botswana kant; en dan Khutse kampterrein in die Khutse Natuureservaat. So 610km tot daar.



Ons het nie in 'n bek-en-klouseer tydperk gegaan nie en by die grenspos vra niemand of ons vleis in die voertuig het nie. Wat ons wel ruimskoots gehad het; 10 dae se braai verskeidenheid plus padkos en biltong en droëwors.

Daar was wel 'n groente- en vrugte- invoerverbod weens vrugtevlieg probleme. Hulle het egter net gevra, nie die voertuig deursoek nie.

Ons draai op die A1 nasionale pad na Gaborone, so 70km vanaf die grenspos. Dis 'n stad met alles om te koop wat jy mag nodig kry. Die internet en fakslyne van die Dept of Wildlife and National Parks se kantoor was buite werking ten tye van ons besprekings dus moes ons daar aangaan om ons parkfooie en voertuigfooie te gaan betaal, kontant in Pula. Die kantoor is Saterdag 7:30-12:45 en 13:45-16:30 oop en Sondag soggens. Baie gawe vriendelike kantoorpersoneel- hulle besef duidelik ons bring geld in....

Dan draai ons op die A12 na Molepolole so 40km vanaf Gaborone. 'n Goeie teerpad vat ons daarheen. 'n Besige en groterige dorpie. Dan is dit Letlhakeng; so 60km vanaf Molepolole. Weereens goeie teerpad. Eers wonder mens watse ou 2-spoorpaadjie loop so al langs die teerpad, tot die eerste donkiekarretjie verbygehuppel kom.

Orals langs die grootpad is daar plotjies met woonplekkies en gemerkte ingange (sou hulle dalk vir besoekers uit die buiteland moet verduidelik waar hulle bly.....) Bondeltjies hout te koop lê orals opgestapel maar dit lyk glad nie of die eienaars daarvan, hoegenaamd oor diefstal bekommerd is nie..... Plek-plek is daar klein mielielande seker net vir eie gebruik, te klein vir kommersiële doeleindes.

Letlhakeng is jou laaste brandstofmoontlikheid vir die volgende 10 dae, en ons wurg nog 'n paar liter in die voertuie se keelgate af. Die jerrykanne is reeds volgemaak by die grenspos net binne Botswana- diesel is goedkoper in Botswana as in die RSA. Ons gebruik die Total garage; die ander 2 lyk of hulle nie meer operasioneel is nie.

Net buite die dorpie begin die sandpad met 'n goeie breë pad in 'n redelike toestand en mens kan gemiddeld so 70km/uur ry.

Letlhakeng na Khutse reservaat is so 100km.

Dit raak nou warm en dis pure bosveld plantegroei al langs die pad.


Hier is nou nie meer aparte padverbruikers vir verskillende voertuie nie en het ons vir 'n rukkie gewonder wie het sulke dronk zig-zag spore gery - 'n 5-donkie-krag karretjie met waterkanne op sy sleepwaentjie en al, verskaf die antwoord.

Daar is klein "dorpies" maar eintlik seker maar villages want hulle bied slegs verblyf, nie handeldryf nie. Daar is nogal 'n redelike klompie voertuie op die pad en hierdie locals ry dit duidelik elke dag, hulle ry asof dit teerpad is.

Blitsige meerkatte doen naelskraap hoofwegkruisings en haal die anderkant oënskynlik gemaklik. Seker net ons newby's on the block wat asem ophou vir hulle veiligheid. Ook hulle doen dit duidelik daagliks. Ek het nogal gedink dis 'n helse lang ent om te hol vir so 'n klein lyfie.

By Kaudwane so 4km voor Khutse reservaat se hek, vernou die pad **SKIELIK!** tot 4x4 sand - glad nie meer redelik gewone sand nie, en sak die spoed drasties tot so 40 / 50km/uur.

Die hek is 'n mooi groot grasdakgebou en die beamptes check ons papiere met 'n vergrootglas en maak seker wanneer slaap ons waar. En of ons vir elke kampplek betaal het. Moenie dink jy kan hier insluip en net vir 'n paar nagte betaal nie. Hier is 'n hoë draadheining en ek wonder of dit regtig heeltemal reg rondom die hele reservaat gespan is.



Ons arriveer 16:00 by ons kampplek; Khutse campsite no 9; 'n baie lekker ene; en ek begin my onnoembare geheime daaglikse roetine: ek kyk watter spore het.... wie..... gelaat voor ons daar aangekom het. O aarde! Dis verseker leeu se kind wat die toiletdeksel se punt afgebyt het en uit verveeldheid sy naels teen die plastiekdrom sitplek skerp gemaak het. Maar geen katspore nergens. Net baie voëltjies wat daar geloop het.



Soos ons later sal sien, is al die kampplekke ruim skoongemaakte sand areas tussen die bome en gras en sien mens hulle amper nie totdat jy dit binne-ry. Ons het 'n draai gery om na paar ander kampplekke te kyk; no 1 het plek vir 'n groot groep; no 2 en 3 is nie so waffers nie en hulle hout "ablusie" afskortings soos wat al die kampplekke het, is nogal ver van die staanplekke af, nie heeltemal naby genoeg aan die bakkie/tent indien ek sou moes sprint as daar wel 'n leeu sou kom nie.... Khutse campsite no 8 het baie goeie skadu. Daar is geen mense by enige van die ander staanplekke nie. In elk geval is die staanplekke so ver van mekaar af dat jy niks sal sien of hoor wat ander mense aanvang nie.

Ons snak na ons asems met ons eerste van 10 regte egte Kalahari sonsondergange. Dis raak vinnig koel nadat die son weg is maar nie vrieskoud nie. Die maan is lieflik helder en is aan't groei vir volmaan so in die middel van ons reis. Die nag is egter goed koud en die outydse canvas tent blyk toe 'n goeie keuse al is hy swaarder en moeiliker om op te slaan as die nuwer dunner platiek tipe tente.



Met kosmaaktyd duik ons eerste probleempie op. So met die skud van die sandpad het ons iets vir 'n ruk op die dak hoor rondrol en gehoor krrrrrrrr... val dit af, gestop en gekyk maar al die jerrykanne is mooi toe, verder gery, gedog dis maar 'n klippie of iets. Daardie "of iets" is toe die gasbottel se oop-en-toedraaiknoppie wat losgekom het; en nou weg is. Genadiglik is 'n tang een van die basiese goed wat saamgekom het en kan ons, alhoewel nie so gerieflik nie, tog daarmee regkom.

Laatmiddag/vroegaand begin die volgende 10 dae se aandsimfonie. Eers sit die jakkalse hulle weemoedige gesange in op hoë noot. Maar gou maak die diep basstem van die koning van die diereryk hulle stil en stem ons tot respek vir die wêreld waarin ons nou is. Eintlik so naby die huis, net 610km né....

Ons kyk mekaar grootoog aan; wonder *wat* het ons besiel. Daar is geen omheining vir die kampplekke nie. Elkeen loop net waar hy wil.....

Dag 2.

'n Wyse besluit doer ver in Pretoria gee ons nog 'n aand by hierdie kampplek en die volgende oggend lê ons in die tent tot die son amper sy kop uitsteek en toe wil niemand meer onder die komberse nie – jy kan so 'n sonsopkoms nie mis nie.

Dis 'n rustige dag wat voorlê by die kamp en ons eet lekker spek en eiers en geniet 'n oggend van groot pret met die grond-eekhorings (ja dis toe nie meerkaie nie); bang-gat neushoringvoëls wat hulle laat wegjaag deur hierdie ou klein diertjies; en allerhande voëls o.a. pragtige blink blou-pers glansspreeus. Almal haal hulle beste paartie trieks uit in kompetisie vir oorskiet kossies en krummels.



Ons ry bietjie rond en bekyk die wêreld om ons en so gaan die dag gouer verby as wat ons kon dink en niemand was 'n oomblik verveeld nie. Niksdoen; in daardie wye stilte; was nog nooit voorheen so vervullend nie.

Dag 3.

Dis nie 'n lang of moeilike dag nie en met geen rede tot haas nie; 60km om te ry; was ons 9:15 op pad, die hele kamp sowaar als weer teruggekry in die voertuie.

Ons mik nou vir Moreswe kampterrein. Staanplek no 1, en ry met 'n baie goeie sandpaadjie.

Mettertyd verander die plantegroei na baie digter bome en hoër gras.

Die Steenbokskeerkring is net 'n aanduiding op die GPS en sou jy dit daarsonder nie eens weet jy is bo-oor (of onderdeur....) nie.

Kort-kort sien ons in die pad voor ons groot bolle mis wat ons laat wonder: Renoster? Olifant? Maar ons is nie wildkenners nie en sien geeneen van die twee nie. Arriveer 12:30 by ons kampplek vir die aand.

Daar is min lewe by hierdie kamp, amper geen voëls nie, net 3 neushorings wat draai en gou verdwyn.

Hier maak ons egter onverwags kennis met die gevaarlikste dier vir toeriste in die hele Kalahari.

MUISE! Hierdie spesie is sulke wittetjies met skerp piepgeluide soos vlermuise.

Die kampplek wemel van die goedjies en ja hulle memory oor besoekers het hulle nie in die steek gelaat nie: voertuie het **kos** in.....

Sou hulle maar net ons kos als ge-sample test het, was dit nog fine, maar nee, die stouterds is toe in die enjins in en slaap ons slegter oor watter drade hulle mag afkou, as wat die leeu-gebrul al rondom die kamp ons pla.

Hierdie kampplek is meer bos- en boombesut teen die nag se koue en het ook 'n lekker groot koelteboom vir die dag.

Daar is 'n watergat in die area wat as drinkplek vir die diere tel maar dis klein en die water ruik maar vrotterig. Ons sien 'n kameelperd en 'n paar gemsbokke.



Dis nog 'n ding wat jy vir jouself moet uitklaar voor jy Kalahari toe gaan: as jy wil gaan om diere te sien, bly by die huis en gaan Krugerwildtuin of dieretuin toe. Ons het wel elke dag diere gesien; neushoringvoëls en hondmak grond-eekhorings by al die kampterreine; meerkatte; verskillende klein bokkies; groot troppe springbokke; groot troppe gemsbokke; allerlei voëls-lieflike valke en 'n groot klomp aasvoëls in die verte wat duidelik om die "eetkamertafel" sit; baie gompoue (die eerste keer wat ek hierdie eenaardige groot voëls sien, ek dog dis hamerkoppe met hulle koppe wat nes 'n hamer lyk); elande; koedoes; kameelperde; muise; patryse en die eerste keer wat ek baba patrysies sien, mooi ou goedjies wat dom skarrel om weg te kom; jakkalse; volstruise. En ja verder baie geluide en aanduidings van leeus en olifante maar nie hulleself nie. Vars luiperdspore bo-oor die voertuigspore. 'n Groot geel slang wat blitsig verdwyn oor die pad. Massiewe groot molshope in bondels bymekaar soos 'n mol mall. Hordes vinknessies aan die doringbome orals langs die pad. 'n Ratel wat net-net sigbaar oor die pad hol. Die diere is nie die aanloklikheid van die Kalahari nie. Die Kalahari self is sy eie aanloklikheid.

Dit is egter wel ook waar van die diere hier: die springbokke is lekker vet in die boud; die gemsbokke stap met prag en praal so eie aan hierdie groot bokke; die kameelperde lyk vir my ook groter as wat ek al gesien het en die volstruise is massiewe voëls wat ons Oudtshoorn outjies na budjies laat lyk.



Dag 4.

Ons mik nou vir Molose kamp, slegs 25km ver; staanplek no 1 en ons vertrek weer 9:15.

Die windjie is aansienlik koeler as die vorige dae.

'n Jakkals verskyn voor ons in die pad, helder oordag kan jy dit nou glo! En hy draf so entjies-entjies en gaan staan in die middel van die pad asof hy ons begelei kampterrein toe.....(nes die karwagte by die mall.....net baie ouliker en minder irriterend)



Met die kort afstand na die kamp het ons tyd en gaan kyk ons hoe lyk die ander campsites - no 4: mooi groot en 'n digte doringboom vir koelte; no 3 het ook 'n lekker boom en no 2 het drie koeldebome.

Molose 1 is 'n baie lekker staanplek en hier arriveer ons met groot verwagting want Molose is die kampeer area waar die leeus blykbaar die meeste voorkom.



Die 2 Oosthuizens het min saak en nadat ons die kamp staan gemaak het; STAP!..... die twee padlangs.... na die watergat toe, maar geen diere te sien nie.

Laatmiddag sit ons die potbrood in die sonnetjie aan't rys en nou ry ons watergat toe om te gaan leeus kyk.

Watwou.

Soos wat die son sak, waardeer ons die eensame springbok so 'n ent van ons af al meer. G'n diere. NIKS. Maak daardie aand 'n reuse kampvuur om die leeus af te skrik. NIKS. **Nie eers 'n brul nie.** Molose.....Waar leeuavorsing gedoen word. Nogal. Wie glo dit. Nie ons 3 dikbekke nie.



Dis die eerste keer wat ons die pragtige rooiborslaksmanne met hulle swart sykante en rooi onderkante sien.

Waaierstertmeerkaaie soek skoor met mekaar en sorg vir goeie vermaak.

Om ons van depressie te red, kom staan 'n jakkals daai aand na donker seker so 10 treë van ons af, net-net buite die sirkel van die kampvuurlig (ja dis al lig wat daar is.....) Sy ogies blink groen as die flitsies sy kant toe skyn. Seker die slim ene wat ons amper tot by die kamp vergesel het vroeër die dag. Geweet ons het skaaptjops op die menu vir aandete.

Hy retireer so bietjie tot in die donker as Andries vir hom die bene gaan gooi, maar is gou terug en bly heelaand by ons; tjank daai nag hier styf teen JC se tent. Seker gedog boarding and lodge sluit darem slaapplek ook in. 'n Paar kaal ge-eët'e tjop beentjies kan tog nie al tip wees vir parkering aanwys nie.



Dis nie so 'n koue nag nie en die oggend met opstaantyd ook nie.

Dag 5.

Vandag is ons op pad na Khankhe; staanplek no 4; 39km om te ry.

Hierdie plek se spelling wissel orals waar mens dit te siene kry: Khankwe; Khankhe.

Ons is nou al meer gekonfyt in die kamp opslanery en ons vertrek 8:50.

Ons ry so 5km en besef JC is nie meer agter ons nie. Nou kyk, stop in daai dik sand is nie 'n slim skuif nie, en uitdraai vir omdraai, ook nie so maklik nie.

Maar dis nie van oorweeg nie, dis net omdraai en terug in die dik sand, stadig kruie vir 3½ km lank toe sy bakkie voor ons in die pad opduik. O vet! Hy's nie daar nie! Voetspore loop terug kamp toe. Wat 'n verligting toe hy doodluiters aangestap kom. Hy het teruggehoop kamp toe, op pad agtergekom sy een

watertenk op die dak se prop is nie op nie. Prop nergens te kry nie. Klim op net om weer te kyk; en ja, daar lê die prop maar net waar hy hom op die tenk neergesit het vanoggend na die laaste watertap vir brekfisskottelgoed. JC was ons puik water marshall en het die hele trip gesorg vir warm skottelgoedwaswater en warm stortwater.



Ons sien vandag weer wat ons die hele tyd dikwels gesien het: 'n trop gemsbokke en net 1 enkele springbok wat saam-saam loop en wei.

Ons ry deur Maharushele campsite no 3 en sien aan 'n paar kampgoed wat daar lê, dat dit die voertuie s'n moet wees wat vroeër by ons verbygekom het, dat hulle oorstaan en net rondry vir die dag. Ons teken vir hulle 'n smiley face in die sand en sit vir hulle 'n paar swieties saam met 'n briefie vir happy holiday in hulle charcoalsak wat aan die boom hang.

Voertuie hier rond is skaarser as leeus en sien ons baie dae geen ander mense nie, maar vandag het ons **rowwe** verkeer gehad; 'n volle 2 voertuie is van voor af by ons verby, moeitevolle uitdraai en al.

Bome word nou al hoe skaarser en ons ry deur Khankhe pan, maar verniet, niks leeus nie. Die gras is in elk geval meeste dae so leeu-geel en leeu-hoogte dat ons waarskynlik verby hulle gery het sonder om hulle te sien.

Ons kom 11:50 by ons nuwe slaapplek aan.

Die enigste boom by hierdie kampplek, het 'n ander (seker parasiet-)boom wat binne-in hom groei, en dié het klein stinkerige blommetjies oortrek met trae vlieë en klein wurmpies wat orals in mens se goed inval. 'n Ongenooide dwarrelwind daarby, maak tent opkry en middag-ete se kosmaak in die wind en sand nogal 'n challenge, en met hierdie gesukkel verloor ek dit vir die eerste en laaste keer so amper-amper..... maar met 'n maag lekker vol boeliebeef gebraaide tamatie/ue en Smash besef mens gou weer die lewe is lekker.



Te midde van als wat pla by hierdie kampplek, vind ek met groot blydschap die appels waarna ek al dae lank soek. Onder die boks met koeldranke. Agter my sitplek. Presies net waar ek dit sorgvuldig weggesteek het sodat die olifante dit nie kan ruik nie. En ek dit nie kon kry nie.....

Soek na goed is mens se grootste vyand op so 'n trip. Jy ry baie goed saam, die pakplek is min en met die ouderdom is die korttermyn geheue ook nie jou grootste bron van hulp nie. Daaglik as ek iets kry wat ek weet ek ingepak het maar nou net weg is, verstaan ek die Bybel se beskrywing van die groot blydschap as die een verlore skaap gevind is, skielik baie beter. En juis omdat Choppies (Botswana se weergawe van SPAR)... so 'n ou entjie ver is, is 'n lemoen langs die pad soeter as by die huis.

Net toe ons begin stadiger asemhaal kom ons agter dis soos in Egipte die dag van die plaë. Die bontpootbosluise kom in kommandos aangestap en klouter op net waar hulle kan. Nou vanwaar kom julle is ons vraag. Ou grys renoster, Andries se bakkie, het blykbaar sy lyf hond gehou en al langs die pad soos wat sy pens oor die middelmannetjie se grasse geskuur het, die pestelensies opgetel en 'n lift kamp toe gegee. Die goed bekruipt ons van alle kante af en wou ons hulle eers bottel en huistoe vat as skenking vir die bosluisnavorsingsinstituut maar die oormag was te groot. Dit was makliker om te wag vir 7-10 dae om te sien of ons bosluiskoors kry, maar dit is ons toe darem genadiglik gespaar. So leer mens gou om nie jou senuwees uit te rafel vir dit wat jy tog nie dadelik 'n oplossing het nie.

Die campsite is amper op 'n tipe bultjie met die beste uitsig op Khankhe pan en die middag sit JC lekker op sy FJ cruiser se dak en kyk hoe die bokke verbyloop. 'n Eensame springbok is bly om die trop te sien en probeer maatjies maak, maar die baas van die plaas verjaag hom sonder meer en voertsek toe in die proses sommer nog 'n paar ander ramme wat net **lyk** of hulle sy plek as hoofman oor honderd dalk wil vat.



In terme van diere- en voëllewe is hierdie 'n "dooie" campsite. Nie eers meerkaaie of grond-eekhorinkies nie. Net 1 neushoring het kom kyk waarom is al die fuss, en toe summier weggevlieg. Waar die diere en

voëls ontbreek het, het die insekte egter opgemaak; allerhande gogga goetertjies en sprinkaaantjies wat nie by die ander kampplekke was nie.

By hierdie staanplek sien ons die mooiste sonsondergang en-opkoms van al die dae.



Die wind het die wolke bymekaar gewaai en die groeiende maan pragtig omraam, later stil geword maar in die nag teruggekom en woës geruk aan die tent waarvoor ons in die sandwêreld en stil winterseisoen nie eers gedink het om tentpenne te bring nie. Hier is ook g'n klip in die **hele** Kalahari om die tent mee te kon vaspak nie. Ons lê toe maar daai tent dat hy nie roer nie en slaap rustig verder tot 6:00 se opstaantyd want die volgende dag moet ons 7:30 op pad wees.

Dag 6.

Jy vra nie die Oosthuizens of hulle oorskiet mieliepap of Weetbix vir brekfis wil hê nie en ons stop ons tot bo toe vol vir hierdie dag wat wag.

D-day. 190 km **DIK** sand na XAXA en ons vertrek inderdaad 7:30 soos beplan.

Die middelmannetjie se sand is hoog en die bakkie is gou-gou in low range. Ou grys renoster wieg in daai sand soos 'n boot oppi diepsee.



Elke dag is daar maar vars dierspore wat mens met die stadig ry maklik kan sien in die tweespoorpadjie voor jou.

Dis dig toegegroeï tot teenaan die pad en die lang "sinkplate" is baie bedrieglik, mens kan niks vinniger as 20km/uur ry nie.

Na so 18km uit die kamp uit, ry ons verby 'n paar grasdakkies / pondokkies waar mense bly en sien hulle waterteks en waterdromme - omhein met boomtakke/stompe. Die skelms hier wat sal water steel is seker diere, nie mense soos waar ons vandaan kom nie.

9:00 die oggend het ons 30km gevorder.....

Ons verlaat nou Khutse reservaat en is in Sentraal Kalahari.

Ons ry verby perde van alle diere en nog huisies, donkies en nog watertenks en sonpanele toegemaak in 'n palisade hok. Die eerste, en vir die res van ons reis, die laaste, tekens van "beskawing?" in baie dae.

Kort hierna tref ons 'n stuk kwaai dik sand en 11:00 draai ons skerp wes op die punt van die kaart wat Bape aanwys. Ons het in ons aanvanklike beplanning gereken as ons net tot hier kan vorder by middagete se tyd is dit goed, maar ons rit is so voorspoedig dat ons verbyhou en nie stop nie.

Die pad raak nou letterlik kliphard vir 'n ruk lank en ry ons in 'n doringlaning, sulke vaal bosse teenaan die pad wat die voertuie so girts-garts krap dat mens eintlik koes en seerkry vir die bakkie se part.

Vandag is ons **so** diep, diep, diep, inni Kalahari (en duidelik op 'n road **less** traveled), dat as iets hier foutgaan, kom die kraaie jou haal. Ons is nou seker 3 **dae** se ry van die naaste vorm van "hulp" af, 'n ongewone gevoel vir 'n gewone mens.

Ons sien vandag weer baie van die renoster? / olifant? bolle, baie daarvan oud en platgetrap maar dan skielik baie vars bolle en dan! **grooooooot** plat voetspore reg voor ons op die middelmannetjie. Nou weet ons ongetwyfeld: olifante. Ons en die spore loop vir 35 na 40km so saam voor hulle afdraai met 'n duidelik uitgetrapte voetpaadjie die bossies in. Hoe kan sulke reuse diere so in die niet verdwyn asof hulle nooit daar was nie?

Ons klim natuurlik uit en bekyk die ou groot spore van naderby – mens kan selfs die voutjies onder die voetvelle sien, so vars is dit.

Ons bespiegel onder mekaar en lei af dat die olifante in die teenoorgestelde rigting as ons op pad is.

Ons sien ook vandag kort-kort baie afgeskeurde boomtakke wat duidelik die werk van olifante is.

Vir middagete parkeer ons sommer non-chalant in die middel van die "hoofpad" en eet ons so staan-staan want die bontpootbosluise is weer net mooi orals.

Dit blyk dat hierdie dag kort-kort daai mislike vaal doringbosse teen die pad het en ons buig die kantspieëls binnetoe soos wat hulle deur bome raakgekap word.

By 14:00 kry ons weer baie vars olifantspore en 'n vet vars bol mis met 'n dam van piepiekol nog vars in die sand ingetrek. Nou vermoed ons 2 verskillende troppe olifante wat verbygetrek het.



By die afdraaipad na Xaxa moet ons 14km ry om te gaan kamp en slaap en dan die volgende oggend weer terug tot by die afdraai voor ons kan aanry vir die dag. Dis 28 onnodige km, ons begin die brandstof dophou – die ekstra rondryery hier en daar begin nou teen ons tel en die bakkie is gulsig op

die diesel so in die dik sand. Die campsite is in elk geval ook naby 'n village volgens die info wat ons het, en ons is nou klaar bederf met die idee dat ons die hele Kalahari net vir onself het.....

Ons het tot nou toe gereeld mooi oop sandkolle langs die pad gesien waar mens kan aftrek en kamp en ons besluit om die onwettige ding van "wild camping" te doen. Nodeloos om te sê.... 100 meter verby die afdraaipad slaat ons die dikste sand van die dag, geen uitkomkans, en glad niks van omdraai nie. Aaklige doringbosse styf teen die pad ingeryg, alle oop sandkolle "gone". **GEEN** kampmoontlikhede langs die pad nie. Net ritmies vorentoe beur met alle mag om nie vas te val nie. Ons stress ons vrek want die dag is al by 16:00 verby en hier vang die donker mens vinnig. 'n Bitter verre 14 km later kry ons 'n plek waar ou renoster sy swaargelaaide ou lyf uit die dik sand kan losmaak en met 'n diep dreun uit sy enjin uit die sandpad uitklim. Ons kry gery tussen die bosse deur verder van die pad af, buite sig, en gaan nog weereens terug in die laaste lig om ons wetteloosheid te gaan doodvee met graaf en takke.

Kosmaak is vanaand hoenderpot en groente als saamgegooi en terwyl dit staan en borrel maak ons tente staan teen die spoed van lig wat nie meer daar is nie.



Dag 7.

Vreemd die houvas van illusie op die mens se verbeelding. In die kampplekke, wat net so min omhein is as waar ons nou van die pad af in die veld kamp, was die gevoel van weerloosheid tog meer hokgeslaan as hier waar die wilde diere van Botswana enige oomblik langs die tent kan opduik..... en vind ons daai aand dat jyself jou gemoedsrus, al dan nie.... in jou eie kop laat ontstaan.

Daai nag was dit woestynkoud hoor jy. Die volgende oggend is die tafeldoek aan die tafel vasgeevries en JC se voertuig meet -1 °C alreeds 'n entjie na sonsopkoms toe ons verlig besef aldrie van ons is nog daar. Ons hande is eenvoudig te koud en te dom om vinnig te kan oppak maar ons het mos gelukkig so 28km voorsprong op die dag se 135km na Piper Pan se campsite no 2.

Ons bewerk weer die spore waar ons die pad byster geraak het en durf die volgende stuk dik sand aan. Ons vorder weer stadig en en in die helder daglig besef ons al meer dat ons laasnag die laaste moontlike veldkamp opsie gebruik het vir baie kilometers om te kom- so ver soos ons ry kry ons net doringbosse, digte stekerige grasse, en hoë sandwalle. Al die jerrykanne is nou leeg en die brandstof begin vat-vat aan 'n bekommernis; die voertuie is aansienlik swaarder op brandstof as gereken. Maar nou: niemand van ons het al **sulke** dik sandpaaie vir soveel kilometers aanmekeer gery nie en ons hou goeie moed. Ek voel 'n gekriewel op my bo-arm onder my langmoubaadjie en ja, meneer bosluis ry sowaar alweer saam. Maar ek kry hom gevang en gooi hom gevoelloos by die venster uit en onder die bakkie se wiele in. Agterna gedink die lae luis, hy het seker net weer opgeklim en saamgery.....

Die lug hierdie tyd van die jaar hier is baie droog en ongeag baie gereelde en ruim Nivea leef mens se hande swaar. Mens moet fisies en veral mentally nogal fiks wees om so elke dag kamp op en af te slaan en kos te maak so in die sand.

Ons ry verby 'n lankal geroeste en uitgebrande double cab bakkie en wonder oor sy lewensverhaal; en hoe hy nou juis daar tot sy einde gekom het.

Daar is nou al hoe meer dikwels opsies in die pad om by 'n vork te kies watter ene jy so in die ry dink die "beter" ene van die 2 sal wees. Hulle het soort van parallel, 'n ander pad op plekke waar die slegte pad nog slegter raak. Oorgeset synde, **nog** erger en **nog** slegter as die "goeie" pad.



Vandag het die olifante lekker gemors met die bome en kry ons afgeskeurde takke orals. Seker die bulle wat die koeie probeer beindruk met hulle krag- hey! kyk hoe breek ek hierdie ou boompie dat hy breek soos 'n vuurhoutjie.....

Die stuk vanaf die uitdraai na Xaxa tot by Xade hek is kwaai dik sand en swaar op brandstof. Die ietwat makliker stukkies pad hier, is maar "few and far inbetween" soos die Engelse sou sê.

Ons ry egter weereens heeltemal voorspoedig en is so 9:50 by Xade hek. Hier check hulle ook jou papiere deeglik om seker te maak jy kroek nie. Aaron is die hekbeampte en nadat hy die pomp gaan start het, tap JC vir ons met 'n harmansdrup se spoed 'n 40 liter en 'n 25 liter houer vol Botswana brak water, net vir ingeval, want ons behoort eintlik uit te kom met ons water – maar hierdie goed wat na Engelse sout smaak sal ons slegs vir stort en skottelgoedwas gebruik.



Ons gaan kyk na die kampering opsies hier by die hek en besluit campsite CKXAD03 is definitief ene om te oorweeg sou mens ander keer ipv heeltemal deur die park, met die grootpad omry boontoe en dan by hierdie hek die park inkom. Die ablusieblok het blykbaar ook warm water..... maar ons het nie Botswana toe gekom vir geriefies nie en ons vertrek 11:00 by die hek.

Mens ry nie uit by die hek nie, maar bly binne die park en ry net voor die hek regs om, op pad na Piper kamp; 70km om te gaan vir die dag.

Die pad Piper toe is grotendeels harderig en ry heelwat makliker.

Dis dag 7 en ek het geen idee wat is die datum op die kalender of wat sou die dag van die week wees nie. Of wanneer laas ek hare gekam het nie.

Maar ons stort elke middag heerlijk warm met ons 2 liter coke bottel met sy oulike stortkop (en was die dag se stof uit die hare).

Ons sien 'n koedoebul en 3 koeie wat na hulle aanvanklike groot skrik heel rustig aanstap. Pragtige diere ai.

Ons eet weer middagete in die veld en kom 14:00 by die campsite aan, Piper no 2. Wat 'n lieflike plek. Loshande die mooiste kampplek tot dusver, groot, lekker plat vir tente opslaan, en 3 groot koelbome. 'n Klein bruin bokkie, vermoedelik 'n steenbokkooitjie, staan ons verbaas en aankyk en hop-hop bedoord bietjie verder en gaan lê vreesloos net buite die rand van die kampplek. Hier is heelwat kraaie en die 2 groot klam kolle in die sand in die middel van die kampplek, blyk by nadere ondersoek diesel en nie olifantpiepie nie. Hier is min lewe, wel baie tarentaalspore. Geen grond-eekhorings, wel baie gate. Moeg vir muise, stuur Andries net na aandete een wat daar kom snuffel, sonder moeite bokveld toe.



2:00 daai oggend sit Andries skielik regop, hy hoor leeus **baie** naby brul, en lê ons inni tent en wonder of hulle besig is om nader te kom...."moet ons inni bakkie spring" vra ek. "Nee" seg hy. "Ons gaan koud kry".

Oooooohhhh. Dink ek. So dis beter om warm ini tent te lê tot die leeus ons kom eet..... maar ag wat een dood is mens skuldig en later raak ons weer aan die slaap en vind geen spore rondom die tent die volgende oggend nie.

Onthou wat ek vroeër gesê het van illusie.....hier in Piper campsite no 2 het ek die veiligste gevoel van al ons staanplekke. En hier was die leeus die naaste aan ons.....

Dag 8.

Ons vertrek net na 8:00 vir 160km na Passarge. Volgens wat ons kon uitvind vooraf, blykbaar weer 'n lang en moeilike dag. Die diesel lê nou half..... en die temperatuur 5 °C.

Ons het nie die vorige middag rondgery nie en met die uitry die oggend, ry ons teenaan Piper Pan se watrgat verby waar die tarentale water drink en ons besef dis seker net so 2km van die campsite af. G'n wonder die gebrullery in die nag nie. Nader aan Piper Pan is seker 100 springbokke in 'n groep, min gepla met ons. Ons kry ook meer as een trop blou wildebeeste en 'n hele klomp gompoue. Daar is baie dierelewe by hierdie groot wye pan en watrgat. Dis natuurlik die rede vir die kraaie by ons Piper campsite – hulle aas seker die leeus se oorskiet. Al die panne in die reservate is droog in die winter, net party watrgate het drinkwater vir die diere (nie vir jou nie...). Piper campsite no 1 kyk uit reg op die pan en dit kan 'n goeie idee wees om by Matswere hek of Xade hek in te kom en 'n dag of 3 net hier te staan. Ons sien vir die eerste keer kiewiete. 'n Eienaardige groot boom/bos mix groei hier wat ons nêrens anders gesien het nie en daar is heelwat regtig groot wit miershope.



Ons draai weg van die panne en tref rowwe sinkplaatpad afgewissel met die lelike en nare ou vaalbosdoringlanings en klein stukkie harde pad waar mens teen 'n "geweldige spoed" van 60km/uur kan ry, net pasop vir potholes (wat ons by die huis so goed ken)

Ons spoed is egter weereens meestal so 20km/uur – die stukkie harde pad wat jou blymaak is maar kort ente en die grootste deel is sinkplaat.

Hierdie deel van die park is meer toeganklik as mens bo inkom, en 'n ouerige Switserse egpaar in 'n Landrover kom van voor af en die omie lyk nes Heidi se oupa. Hulle het 'n ratel, 'n jakkals en gemsbokke gesien. Kort hierna kry ons 'n Sweedse paartjie wat net wuif en verbyry, duidelik nie lus vir gesels nie. 'n Landcruiser met GP nommerplaat kom verby, 2 jongmense seker so in hulle 30's, groet so vaag.

Ons vat die afdraaibordjie na Phokoje Pan en ry verby die hoekie vir eensames: 'n gemsbok, 3 jakkalse en 'n wildebees.

Dan ry ons verby die grootste trop gemsbokke ooit, meer as 30 en ons sien die eerste keer jong bokke onder hulle. Die gebruikelike eensame springbok loop maar saam hulle.



Net voor 11:00 het ons 66km gery, 6km vinniger per uur gevorder as die vorige 2 ure.

Ons ry verby SAN Pan. Die paaie by die panne is hard en droog in die winter, maar ons sien DIEP slote wat in die reëntyd getrap is – dit kan jou goed probleme gee in die somer as die panne vol water is en jy nie die gate kan sien nie.

Die wind waai heel oggend taamlik sterk en dis koud. Ons sien 2 rooihartbeeste, die enigste op die hele trip; en weer 'n volstruismannetjie en 3 wyfies, maar groot goed.

Ons draai af vir 3km ompad na Passarge watergat en eet middagete daar, maar geen diere.

Nou is dit nog (net.....) 44km kamp toe. 2 ure se ry in hierdie wêreld.....

'n Silwerrug jakkals staan so 20 meter voor ons in die pad en kyk vir ons, draf 'n hele ent voor ons in die pad voor hy wegdraai. Ons is nou nie meer verbaas om 'n jakkals helder oordag te sien nie. Ek het altyd gedink hulle is nagdiere.



Hierdie pad het heelwat diep slote en gate en ons sien nou baie van alles: volstruise, jakkalse, springbokke en gemsbokke. Ook 'n trop wildehonde, wat skaars is om te sien.

Vir die 2e keer op ons reis sien ons mense by een van die ander staanplekke van 'n kampterrein, nl. Passarge no 2. Maar jy moet weet 'n "kampterrein" is nie jou prentjie van Klein Kariba se staanplekke in 'n ry nie. 'n Kampterrein hier is 'n baie groot toegegroeide beboste area met 'n naam en oopgeskropte campsites wat baie ver van mekaar af is, jy sal nie weet as 'n leeu daai ouens besoek nie en ook nie eers ruik of hulle braai vir aandete nie.

Ons kry geen campsite bordjie nie maar die GPS wys ons moet regs draai en so besluit ons hierdie lieflike kampplek moet ons no 1 wees. Hier is die meeste bome van almal – 7!

Ons is maar moeg gery; arriveer 15:15 en reken ag hier is seker weer g'n leeus nie, maaaaar net na skemer brul die eerste vuilbaard en sy tjommie eggo skuins na agter 'n ent verder. As 'n dowe mens soos ek die leeu se diep stem kon hoor moet jy weet dis BITTER naby. Ek was skottelgoed asof jet-aangedrewe, woerts my tanne met 'n lick en 'n promise en maak 'n duik vir die tent. Tot die 2 manne se teleurstelling, was dit glo die laaste brul van die nag. Die nag was nie juis koud nie en ons kry weereens geen kuiergaste daai nag nie.

Dag 9.

Dis die ander kamp waarop ons besluit het om 2 nagte te slaap en ons lê soos ryk Kalahari's tot kwart voor 8 ini kooie en wag vir die arm man's baadjie se warm strale voor ons koffie maak. Die baie voëltjies noop ons om die chloor emmer se deksel met water vir hulle uit te sit en gister se broodkorsie vir hulle krummels te maak. Dit sorg vir 'n oggend se kinderlike vermaak toe die kontrei se voëls dié luxury agterkom. Die blou-blinkes is dadelik die water marshalls en bewaak dit met venynige aggressie. Dis nie stadsvoëls dié nie; in die woestyn is water goud werd en kry die broodkrummels nie veel aftrek nie.

'n Bachelor meerkat stap nou en dan hier in om te aas en hol later resies teen Andries, middagete wors se plastieksak in die bek, maar los die sak toe hy sien hierdie omie was 'n atleet op skool; hy gaan nie sy gat betyds haal nie. Later skiet selfs 'n verbaasde haas deur die kamp.



Dis sielsalig om 'n dag oor te staan na 3 lang dae op die pad. Ons is nie meer bang vir olifante nie en eet ons dag se lemoen sommer in die kamp. Al die voriges het ons middagete langs die pad geeët en die skille dieper in, onder 'n bos neergesit. Hulle kan lemoene blykbaar baie ver ruik en kom deursoek glo maklik jou voertuig daarvoor.

Met tyd op hande stap ons bietjie rond en soek hout vir kampvuur en vind die kampplek het opsigtelike plat-ge-lê-de plekke al rondom, asof die diere gereeld daar lê en ek wonder maar oor die leeus, verbeel my selfs ek ruik sterk katpiepie op een plek.....



Aan die begin was die Oosthuizens nog ordentlik en vat elke dag die laaste paar km voor die kamp net so hier en daar 'n dooie tak of 2 vir kampvuur en laai dit op die dakrak.

Soos die dae aanstap begin die wildernis op hulle groei en vanaand vat hulle skemertyd weer die pad om te gaan hout soek. Stoot met groot sweet en sukkel nou sommer 'n hele dooie boom om, sleep hom pad toe en gaan haal hom met die bakkie. Toe brand die beste Kalahari kampvuur tot laat.

JC is oortuig vanaand gaan ons veilig slaap en so slaap ek klipvas en hoor nie die **baie** naby brullery 5:00 die oggend nie. Ek is dus redelik lugtig om die longdrop te besoek en die oppak te begin maar geen brul verder nie.

Dag 10.

Die voëltjies sien 9:00 met spyt dat ons (en die water...) vertrek. Ons soek leeuspore maar niks en laai die oorskiethout op die dakrak. Ons slaap vanaand by Kori campsite no 3; 48km verder, so 2½ ure se ry.

Vandag sien ons weer baie van sulke eenaardige rankplante wat opklim teen die doringbome en vaal geel bolle vorm. Grasleeus besluit ons, want regtes sien ons tog nie. Nog **vars** olifantspore en **vars** olifantmis maar net vir 'n ent en nog steeds geen olifante in sig.

Die bakkie staan op kwart en ons stuit die gedagte aan te min brandstof net daar.

Ons kry weer *geweldige besige* verkeer; die Switserse egpaar; die Gauteng jongmense; oop safari voertuie vol mense seker van die lodge wat hier iewers is; en later nog 4 voertuie. Matswre hek is nie te ver hiervandaan nie en die mense kom daar in en ry bolangs rond.

By Kori campsite no 4 staan mense en ons arriveer net na 12:00 by ons slaapplek. 'n Grooooot staanplek met baie bome. Die stort en toilet hier, vir lui mense seker 'n dagreis te perd ver. Hier is baie voertuigspore en dit lyk na 'n gewilde kampplek.



Nog 'n heerlike middag van groot vermaak met 'n vreeslike mak grond-eekhoring; voëltjies so mak dat hulle broodkrummels uit JC se hand eet! en 'n ougat neushoring wat op die tafel kom sit en inspekteer toe ek die potbrood maak.

Weer sit ons die emmer se deksel met water uit en vind die spesies se pecking order baie interessant, oor wie drink en bad eerste en wie wag in die tou tot die water vuil gemors is.

Die eekhoring vreet homself letterlik hang-pens aan die lepel oorskiet Smash en stel glad nie belang in duur Gauteng biltong nie. Dat die diertjies hier gevoer word, is duidelik.



Die muis van dag 3 het of nog heelpad saamgery of 'n ander ene het elders by JC opgeklim en saamgery, want die pypie van sy waswater se tenk is met fyn tandjies stukkend gekou. Nou het die 2 ouens genoeg geduld beoefen en haal omtrent die cruiser uitmekaar soos wat hulle die muis soek. JC keer hom voor en Andries slaat hom dood. End of story.

Later die middag vlie die voëltjies verskrik op en gaan tjirrrrrr in die boom reg langs ons tent. As kind onthou ek daai waarskuwingsalarm van hulle, en ja, JC is net betyds om die slang te sien inseil in een van die baie gate langs die tent. Maar nou ja ons gaan nie nou bodder om die tent te skuif nie, ons moet net onthou om die deur elke keer toe te zip.

Dag 11.

Ons vertrek 8:00. Die nag was nie koud nie, die oggend nogal wel maar nie te erg nie.

Die bakkie staan op empty en ons tel die 40km na Matswere hek een vir een af. Hierdie stuk pad het rowwe dongas en slote; die pad is regtig baie sleg. Mens moet 11:00 by die hek uit wees anders moet jy nog 'n dag se dekselse duur parkfooi betaal. Klein bruin bokkies hardloop vir oulaas voor ons uit in die pad maar ons oë is nou vasgenaël op die brandstofmeter en die horlosie. Die laaste 10 km hek toe is die pad vir klein entjies bietjie beter en ons kom met 'n slaak van verligting 9:20 by die hek aan. Die beamppte fynkam ons papiere, ons eet ons laaste lemoen en gooi ons laaste Checkerssak met blikkies in die sleepwa wat daar is vir jou gemors wat jy nie in die park mag agterlaat nie.

Een probleem opgelos – die diesel het tot hier gehou, ons is uit die park uit voor afsnypunt. Minstens sal JC nie hoef te jaag met 'n jerrykan vir diesel en almal dan probeer by die hek uit kom voor 11:00 nie.



Maar Rakops dorpie waar brandstof is, is nog 'n taamlieke ent en die pad is sleg. Ons raak stiller en benouder maar dit help niks, presies 1.5km voor die garage, ironies genoeg net daar, by die Shell bordjie se aanduiding daarvan, besluit ou grys renoster hy loop nie 'n tree verder op die reuk van diesel nie.

Ons wag maar, drink fleskoffie en eet Salty Crax met biltongpoeier en is baie bly dat JC kan aanry en 'n jerrykan vol diesel gaan koop.



Almal gaan vul die voertuie boepens met brandstof en nou is ons op pad na Orapa, so 120km ver – 'n baie goeie teerpad en ons kan vir die eerste keer in 10 dae, gewoonweg ry.

Ons kom agter dat ons nog nie 'n vleisgrens stop (Disease Control Gate) gekry het soos wat ons verwag het in hierdie area nie.

So 50km voor Orapa is daar wel 'n bemande vleisgrens stoppunt maar hulle wuif ons deur sonder om ons af te trek. Ons het vanaand se wors en rump van ons voorraad wat van die huis af gekom het, nog agter die sitplek.....

Daar is baie beeste, bokke, donkies en 'n paar perde orals teen die hoofpad. Ons ry verby Mopipi na Orapa en eet middagete so in die ry – gaar wors wat ons gisteraand gebraai het, gekookte eiers en gaar aartappel; plus ons laaste wortel, komkommer en flentertjies blaarslaai – 12 dae oud; saam met ons van

die huis af regdeur die Kalahari. *En dit sonder 'n yskas, net 'n vrieskas.* Koel gehou in polystyrene houers binne in kartonbokse, met blou vriesblokke uit die vrieskas wat JC elke dag omgeruil het.

Nog 'n vleishek 20 km later maar ons gaan deur met 'n waai van die beampte se hand. Ons ry Orapa mis en draai regs by die T-stop en mik nou vir Serowe, 180 km om te gaan. Letlhakane is so 150km vanaf Rakops en daar is 'n SPAR bord maar ons ry verby die dorp op die A14 en dis goeie teerpad nog al die pad. Dis 'n taamlike warm dag. 140km voor Serowe weer 'n vleisstop sonder dat ons gestop word. Ons ry verby naamborde wat wys na plekke met die wonderlikste name en in die vinnige verbyry is ek nie seker of ek die spellings almal reg het nie. Mmashoro Village; Paje; Palapaje.

Serowe is 'n groot dorp en mens sien SPAR, FNB, PEP, Hungry Lion en Sekgoma Memorial Hospital wat lyk na 'n groot hospitaal en ek is maar dankbaar dat ons nie 'n paar dae gelede met een van ons hierheen moes probeer jaag het nie..... somehow glo ek nie ons sou dit betyds maak nie.

Die spoed wissel heeldag tussen 60, 80, 100, 120 km/uur – dikwels lang ente voor daar weer 'n bordjie is en dan kom jy agter jy kon laaaaankal weer 120 ry maar die laaste ene was 60..... Grrrrrrr.....

Na Serowe kom Palapaje, ook 'n groot dorp met 'n kragentrale en 'n steenkoolmyn. Hier is dus robotte in die dorp.

Ons draai links op die B130 na Martins Drift grenspos en ry in daai 88km verby nog allerhande naamborde; Makoro, Lecheng, Pilikwe, Matlhakola, Ratholo, Lerala, Ngwapa en baie ander wat ek nie kon memoriseer nie.

20km voor Martins Drift is weer 'n Disease Control barrier maar die beampte wys: *gaan*.

17:10 is ons baie bly om die **Martins Drift 10km** bordjie te sien en net daarna kry ons weer 'n vleishek maar hy is nie eens beman nie.

Ons stop by 'n Total vir brandstof en sien 'n bord Kwa Nokeng Lodge, links om by die Caltex garage. 'n Moeë ou tannie vind geen weerstand by die 2 manne om 'n riverside cottage te deel vir die nag ipv om vir oulaas tent op te slaan nie. Ons het almal nog Pula oor en spandeer dit op 'n baie gerieflike mooi huisie, 2 slaapkamers, toegeruste kombuis, braaiplek, stoep wat uitkyk op die Limpoporivier en die RSA net anderkant die water.



Ek "soak" daai aand in 'n bad warm water asof ek in die woestyn gebore is.

Die lodge het elektriese heining vir seekoeie en krokodille maar na 10 dae in die Kalahari is ons nie oor hulle onrustig nie.

Ons braai ons laaste vleis en vertrek op Dag 12 eers so 10:00 huis toe; geen oponthoud by Martins Drift Botswana grenspos of by Groblersbrug grenspos RSA nie.

Botswana wildernis trip.

902km 4x4 en dit meer dikwels as nie; in dik sand.

Wat 'n belewenis.

Dat ek amper 63 jaar oud moes word om dit te kon ervaar.....